# Sonder Seëls

e-tydskrif

Spesiale aflewering vir jou.

**September 2020**
Uitgawe 61 Jaar 11
*Sonder Seëls*
kontak@sonderseels.co.za


## Liewe Leser

Wat sê 'n mens na tien jaar en sestig *Sonder Seëls*-uitgawes? Dankie is die enigste woord wat ek kan uitkry. Dankie aan ons Hemelse Vader vir Sy genade en seën. Dankie aan elke redaksielid wat met toewyding hulle professionele kennis, vaardighede en tyd aan *Sonder Seëls* gee. Dankie aan elke medewerker wat ons toelaat om oor hulle te skryf. Dankie vir elke leser se boodskap van waardering en bemoediging.

So skaars soos wat 'n vliegtuigreis tans is, so skaars was dit sestig jaar gelede. Dr. Doeke Tromp het die voorreg gehad om, as klein seuntjie, saam met sy ma en jonger broer Europa toe te vlieg in 'n Dakota, 'n reis wat ses dae geduur het. Bl. 2.

Behalwe vir sy loopbaan as musiekonderwyser, is komponeer die hooffokus van dr. Niel van der Watt se bedrywighede. Hy rig ook die *Dixie Band* af aan Pretoria Boys High School, 'n interessante orkes waaroor *Sonder Seëls* hom uitgevra het. Bl. 6.

Theresa Papenfus bespreek *Spertyd*, Elsa Joubert se laaste boek, saam met die skryfster se twee vorige outobiografiese werke. Theresa het die bespreking spesiaal vir *Sonder Seëls* se tiende verjaarsdag voorberei. Bl. 10.

Geniet *Sonder Seëls*!

*Groete*
*Lilla du Preez*

*15 September 2020*

## Inhoud

Ons moes laag vlieg, want daar was geen drukbeheer in die kajuit nie. Die vlieëniers het selfs hul syvensters oopgemaak! **2**

Dr. Niel van der Watt: Die *Dixie Band* is een van die redes waarom ek, na 33 jaar, steeds by PBHS werk. **6**

Elsa Joubert: 'n Wonderlike Geweld: Jeugherinneringe; Reisiger; Spertyd. **10**

Vrolik en kleurvol vir die lente: Dié Italiaanse hoendergereg met rooi en geel, groen en geur. **14**

Sonder Seëls vier 10 jaar en meer as sestig uitgawes. Ons publiseer 'n klompie gelukwensings.... **16**

Nors en nukkerig. Groot. Dis Gawie en Sussie. Jou-klein-pes soek nie moeilikheid met hulle nie. **18**



# Vliegreis

## tussen Suid-Afrika en Europa in 1960

Doeke Tromp

***Die uittog van Europeërs na ander wêreldstreke weens die verwoestende nagevolge van die Tweede Wêreldoorlog het Jan Tromp, 'n suksesvolle Nederlandse meulenaar, ingesluit. Suid-Afrika se natuurskoon en die geleenthede wat die land gebied het, het die dertigjarige Jan in 1952 na Suid-Afrika gelok. Doeke Tromp, Jan se seun, onthou hoe hy as klein seuntjie per vliegtuig saam met sy ma terug is na Nederland om die familie te besoek.***

"Die reismoontlikhede tussen Suid-Afrika en Europa was maar skaars in die middel van die vorige eeu. Die meeste mense het per boot gereis omdat dit relatief goedkoop en gerieflik was. Dit was dan ook sommer 'n vakansiegeleentheid van meer as twee weke op die see.

My ma was al ses jaar in Suid-Afrika na haar emigrasie uit Nederland, toe sy graag haar familie vir die eerste keer wou besoek. My pa het haar in 1960 die geleentheid gebied om met 'n vliegtuig te reis, aangesien hy haar nie so lank kon afstaan vanweë haar hulp in sy onderneming nie. Kinders tot die ouderdom van 10 jaar het 50% korting ontvang, en so kon ek saamgaan.



*Heel bo: Froukje Tromp (heel voor) besig om aan boord te gaan op 6 Augustus 1960.*

*Bo: Froukje Tromp met Doeke en Wieger voor die koninklike pale is in Soestdijk, Nederland.*

Kinders tot 2 jaar het net 10% betaal sonder 'n sitplek. My jongste broer het hierdie voorreg ontvang en ek moes gevolglik my sitplek met hom deel. So het ons drie op 'n epiese vliegreis vertrek wat my altyd sal bybly.

Die vliegtuig was die welbekende Dakota van Douglas Commercial Transport. Daar is 605 eenhede van die derde model (DC3) tussen 1936 en 1942 vervaardig. Hulle was uiters betroubaar en is baie suksesvol gedurende die Tweede Wêreldoorlog gebruik. Ná die oorlog is baie hiervan deur kleiner lugrederye opgeraap en weer vir passasiersvervoer aangepas.

Ons het met Trek Airways gevlieg, 'n maatskappy wat in 1953 deur Suid-Afrikaners gestig is. Dit het later Luxavia geword om die vliegtuie in Luxemburg te herregistreer weens politieke redes, waarna dit in 1994 ontbind het. Die vliegtuig waarmee ons gevlieg het, was die enigste Dakota wat hulle ooit besit het, met registrasie G-AHOW. G was die kode vir United Kingdom. Daar was "Trek-Safaris" op die romp geskilder – min het ons besef wat dit sou beteken!

Op 6 Augustus 1960 het ons vanaf Jan Smuts-lughawe na Europa vertrek. Dit was nogal ironies dat my ma ses jaar tevore ook op 6 Augustus uit Rotterdam met die boot na Suid-Afrika vertrek het. My pa het ons oor die aanloopbaan tot by die trappe van die vliegtuig vergesel vir die afsien en laaste foto's. Ons was 3 van die 26 passasiers aan boord, dan ook nog twee vlieëniers en 'n lugwaardin.

Daar was 'n aantal tegniese eienskappe wat veroorsaak het dat die vlug oor 6 dae gestrek het:

- Die reikafstand (2 500 kilometer) en snelheid (250 kilometer per uur) van die vliegtuig het bepaal dat ons veiligheidshalwe slegs gemiddeld 7 ure per dag kon vlieg.
- Ons kon nie hoog vlieg nie (ongeveer 2 000 meter), want daar was geen drukbeheer in die kajuit nie. Gevolglik

het ons die mooiste natuurtonele van naby gesien, soos troppe wild wat onder ons weghardloop, nedersettings met kleihutte vanwaar die inwoners vir ons waai, groot mere en baie woude, asook die woestyngebied.

- Die vliegtuig se navigasietoerusting was baie beperk en dit was gevaarlik om in die donker te vlieg. Gevolglik het ons in hotelle oornag waar ons gelukkig op 'n bed kon slaap.
- Daar was geen geriewe aan boord om voedsel koud te hou of op te warm nie. Vars peuselkos is daagliks opgelaai en ons het aandete en ontbyt in die hotelle geniet.

Behalwe vir die vlieëniers se radarskerm en tweerigtingradio het alles meganies of hidroulies gewerk. Die hulpvlieënier het die luik in die gang se vloer gebruik waardeur hy via die vragruim by die wiele en flappe kon uitkom om dit met die hand aan te help as dit nie wou sak vir die landing nie. Verskeie glasbuisies in die vliegtuig het die hidrouliese vloeistofvlakke aangedui vir deurlopende kontrole, iets waarmee die passasiers ook sommer behulpsaam was.

Aangesien die vliegtuig stadig gevlieg het en die romp baie kort was, moes die vlieënier die vliegtuig se koers heeltyd met die stert korrigeer. Dit het aanhoudende op/af en links/regs bewegings veroorsaak. Die beste plek om vlugnaarheid te vermy was om by die vlieënier in sy kajuit te staan waar die minste beweging was.

Tydens die vlug kon ons regop rondbeweeg en sitplekke uitruil soos in 'n groot sitkamer, asook met die vlieënier in sy kajuit kuier.

Die nagverblyf was soos volg gereël en het ook vir die retoervlug op 4 Oktober 1960 gegeld:

- Lilongwe (Malawi)
- Entebbe (Uganda)
- Khartoem (Soedan)
- Kaïro (Egipte)
- Malta (Middellandse See)

Die meeste aanloopbane het 'n gruisoppervlakte sonder landingsligte gehad. Ons het laat in Khartoem

*Heel bo: Tipiese toneel op Amsterdam se lughawe met 'n vliegtuig van Die Koninklijke Lugvaart Maatschappy (KLM) op die agtergrond.*

*Bo: Binnekant van 'n Dakota met 'n kapasiteit vir 26 passasiers. Let op die gordyntjies!*

10

Sonder Seëls: "Ek dink met deernis en groot respek aan die nalatenskap van Johannes du Preez"

*Die "Klapperkop" Dakota DC3 op Maun lughawe in Botswana op 13 September 2002. Doeke staan tweede van links.*

Beeld, Vrydag 28 November 2003

Stert af en amper sonder vlerke, maar op pad na die "operasietafel". Die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) se Dakota DC3, wat verlede Vrydagaand kort ná opstyging 'n noodlanding langs die Lanseria-lughawe uitgevoer het, word voorberei vir sy tog na die Zwartkop-lugmagbasis, tuiste van die SAL se geskiedkundige vereniging. As die nodige permitte uitgereik word, gaan die vliegtuig na verwagting oormôre padlangs na Pretoria gesleep word. 'n Ondersoekspan sal bepaal of die vliegtuig herstel kan word. Ao. Eugene Rademeyer van die lugmag bring die hyskraan in gereedheid om die vliegtuig op te lig.

Foto: BRENDA MULLER

aangekom, waartydens die vlammende oliedromme wat die aanloopbaan verlig het, deur die vliegtuig se stof doodgewaai is tydens die landing. Dit is toe weer per fiets deur 'n fakkeldraer aangesteek vir die volgende aankoms.

Die slegste ervaring was gedurende 'n tropiese reënstorm by die ewenaar toe die weerlig die vliegtuig aanhoudend getref het en ons ook erge turbulensie beleef het. Toe die vonke van die vlerkpunte se weerligafleiers begin afkaats, het ons maar die lapgordyne toegetrek. Die bruinpapiersakkies het toe ook baie handig te pas gekom!

Daar was geen lugreëling nie, slegs vars lugtoevoer wat goed gefunksioneer het tydens die vlug. Die vlieëniers het selfs hul syvensters oopgemaak! Die hitte na die landing was egter, selfs in die namiddag, ondraaglik en so het ons in Kaïro onder die vlerke geskuil totdat die hotel se bussie, wat laat was, ons op die aanloopbaan kom afhaal het.

Op 13 September 2002 het ek die geleentheid gekry om weer iets van hierdie ervaring te herleef toe ek met 'n identiese Dakota 'n retoervlug (3½ ure x 2) van Lanseria lughawe na Maun in Botswana kon vlieg. Die vliegtuig van die destydse SA Historic Flights se naam was "Klapperkop". Dit het 14 maande later, op 21 November 2003, 'n ongeluk by Lanseria lughawe oorleef en doen vandag nog diens by Skyclass Aviation in Suid-Afrika vir vlugte oor die Victoria Waterval in Zimbabwe. ”

*Dr. Doeke Tromp*

10

Sonder Seëls: "Die mooiste, vriendelikste, inspirerendste en leersaamste tydskrif in Afrikaans..."

Niel van der Watt

# Niel van der Watt en die Dixie Band

***"Enige kind wat 'n musiekinstrument leer bespeel, vind dit baie meer sinvol en genotvol om saam met vriende in ontspanne omstandighede te leer. Dit beteken ook dat die kind die instrument baie meer oefen sonder om dit agter te kom."*** *– die woorde van 'n gesoute musiekonderwyser vir die afgelope 33 jaar, dr. Niel van der Watt.*

As hoof van die musiekdepartement by Pretoria Boys High School (PBHS), lê musiek en opvoedkunde hom na aan die hart. Hoewel hy aanvanklik sy onderwysloopbaan as Engels-onderwyser begin het, is hy gou nader getrek vir musiekonderrig, wat vinnig gegroei het tot 'n voltydse pos. Hy is sedert 1997 hoof van die musiekdepartement, 'n pos wat hy steeds beklee. Hy is ook tans hoofnasiener van musiek in Gauteng en interne moderator van musiek in die Departement van Basiese Onderwys.

Toe dr. Van der Watt in 1987 gevra is om die bestuur, dirigeer en afrigting van Pretoria Boys High School se *Dixie Band* oor te neem, het die einste *Dixie Band* die begeleiding verskaf vir Andrew Lloyd Webber se *Joseph and the Amazing Technicolor Dreamcoat*, wat daardie jaar se musiekproduksie was. Die seuns was baie toegewyd en het sommer self besluit dat die orkes moet bly voorbestaan. "Ek het die leisels liggies opgeneem en vir die groep begin musiek verwerk."

Die Dixie Band aan't "perform"

## Wat is 'n Dixie Band?

'n *Dixie Band* is 'n kleinerige groep musikante wat jazzmusiek van 'n bepaalde soort speel – *Dixieland Jazz* afkomstig uit New Orleans en Chicago. Die groep kan bestaan uit so min as 5 spelers of soveel as 8 tot 11.

Instrumente kan wissel, maar daar is altyd 'n tromspeler, kitaar of klavier, kontrabas of baskitaar, trompet, klarinet, saksofoon en tromboon.

"In die Boys High konteks het ek vroeg geleer dat daar, sover moontlik, twee spelers per solo instrument moet wees. Op dié manier kan die groep se leeftydperk verleng word. Die huidige groep bestaan uit 2 klarinette, 2 trompette, 2 alt-saksofone, 2 trombone, 'n tenoor-saksofoon, 'n kontrabas en 'n tromspeler. Dus is daar een wat speel en een wat leer. Sodoende kan die groep jaar na jaar bly voortbestaan. Hoewel die groep dikwels sonder 'n dirigent speel, dirigeer ek tog om die woelige seuns gefokus te hou."

## Optredes en toere

Die groep speel by heelwat skoolfunksies as 'n 'musikale item' of as agtergrondmusiek by skemerkelkgeleenthede. Hulle tree dikwels op by konserte, skole en aftreeoorde in die skool se onmiddellike omgewing. 'n Jaarlikse hoogtepunt is die optrede by die Etensuurkonsert van die Universiteit van Pretoria.

Die groep het deur die jare verskeie toere onderneem na onder andere Kaapstad, Bloemfontein, Kimberley, Durban, Polokwane, Mbombela (Nelspruit), die Nasionale Krugerwildtuin en vele meer. Daar was ook internasionale reise: twee keer na die eiland Réunion en ook 'n drie-stede-toer na Europa saam met die skool se koor: Konstantinopel, Barcelona en Parys. Natuurlik is so 'n toer vir die seuns 'n hoogtepunt, maar vir die verantwoordelike onderwyser min of meer 'n nagmerrie!

## Lang geskiedenis

Die *Dixie Band* is die groep wat die langste by die skool as 'n enkele entiteit bestaan. Daar was sedert die twintigerjare van die vorige eeu reeds 'n orkes. In die argiewe bestaan daar bewyse van 'n konsert gehou in 1922 waarby 'n orkes opgetree het. Dié orkes was egter 'n samestelling van onderwysers, ouers en seuns. Sedert 1987

is die beleid ontwikkel dat veral die groepmusiek deur die seuns alleen gemaak word. Professionele pianiste doen hoofsaaklik die begeleidings, maar sover moontlik word al die groepe deur seuns beman.

"Die rede waarom die groep bestaan - en so lank reeds bestaan - is dat daar baie grondige musiekonderrig plaasvind. Die *Dixie Band* is, soos al die ander musiekgroepe by die skool (Simfonieorkes, Big Band, Klarinet Ensemble, Strykkwartet, Saksofoon Ensemble ens.) die natuurlike uitvloei van die onderrig. Dit is ons doel by die skool dat elke seun wat musiek neem in een of ander groep beland. Daarom is daar so baie groepe. Elke seun wat musiek as vak neem kry een keer per week 'n individuele les, en soos wat hulle vorder ook 'n begeleidingsles. Met die begeleidingsles leer hulle om saam met 'n ander instrument te speel, bv. die klarinet saam met die klavier. Ons probeer dus die natuurlike musiekmaaksituasie in die grootmenswêreld by die skool simuleer. Dit maak net soveel sin om soveel as moontlik op te tree."

## Kompetisies

"As opvoeder is ek gekant teen musiekkompetisies. Ek het wel in die heel eerste jare die *Dixie Band* by die Pretoriase Musiek-eisteddfod ingeskryf, maar gou geleer dat die beoordelaars minder van jazz geweet het as ek. Ek kon ook nooit verstaan hoe 'n strykkwartet en 'n jazzorkes in dieselfde kategorie kan deelneem nie – en dat een dan kan 'wen' en die ander 'tweede kom' nie? Die style en instrumente is so verskillend dat dit nie werklik vergelykbaar is nie.

*Musiek het 'n ander doel: dit ontwikkel 'n komplekse eg menslike handeling, spreek die psige van die mens direk aan, en verskaf eindelose vreugde so lank as die beoefenaar daarvan lewe."*

## Komponeer

Benewens sy loopbaan as onderwyser, is musiekkomponeer die hooffokus van dr. Van der Watt se musiekbedrywighede. Hy is veral bekend vir sy koormusiek en sololiedere, maar daar is al hoe meer belangstelling in sy kamermusiek, ensemble- en orkeswerke. Drie vollengte CD-opnames van sy musiek het reeds verskyn: *Liedwerk van Klip* (koor en klavier), *Missa de Meridiana* (koor en marimba) en *Kamermusie*k (verskeie instrumente met klavier). Hy kry gereeld opdragte van SAMRO *(Southern African Music Rights Organisation)* vir die daarstel van nuwe Suid-Afrikaanse musiek, die mees onlangse 'n *Suite vir Sopraansaksofoon, Klavier en Perkussie.*

Dr. Niel van der Watt het die grade BA(Ed) Musiek (1984), BMusHons (1988) cum laude en MMus (Komposisie) (1993) onder leiding van Stefans Grové aan die Universiteit van Pretoria behaal.

Daarna volg doktorale studies aan UNISA, waar hy die graad DMus (Musiekwetenskap) (1997) onder leiding van Douglas Reid voltooi.



# CITY Gifts, Babies & Toys

## Atterbury Value Mart

Geskenke vir mans
Kinderspeelgoed
Legkaarte • LEGO
Maxwell&Williams
Noritake

**Besigheidsure**

| | |
|---|---|
| Maandae – Vrydae | 09:00 –18:00 |
| Saterdae | 09:00 –17:00 |
| Sondae | 09:00 –14:00 |
| Vakansiedae | 09:00 –14:00 |

Winkel 4.1 Atterbury Value Mart, Faerie Glen, Pretoria

**ONS IS LANGS BUILDERS WAREHOUSE**

Tel: 012 991 6231/2/5 • E-pos: citygifttoys@mweb.co.za
www.citygifttoys@mweb.co.za

# Elsa Joubert oor haar lewe

*Theresa Papenfus, eienaar van Litera Publikasies, het drie van Elsa Joubert se outobiografiese tekste gekies vir* Sonder Seëls *se verjaardaguitgawe... want vir my vorm die drie outobiografiese tekste 'n eenheid, 'n opgaaf van 'n gevierde lewe.*







"Ek wil deurbreek," sê die jong Elsa Joubert, vir haar pa. "Deur die boeke, deur die mure." Waarnatoe? vra hy. "Dis die punt," antwoord sy. "Jy moet nie weet waarnatoe nie; net dat jy deurbreek."

In Standerd Agt besoek sy die Vrouemonument. Sy skryf in haar dagboek:

"Op pad huis-toe besluit ek om alles op te gee en vir skryfster te gaan leer en Suid-Afrika wakker te skud deur my boeke. Ek voel doelgeroepe daarvoor … wie weet wat kan nog daaruit spruit?"

Elsa Joubert het gereis, verken, benoem. *Die reise van Isobelle* is met die Hertzogprys bekroon en *Die swerfjare van Poppie Nongena* het internasionaal opspraak gemaak. In haar sterfjaar is dit sinvol om drie outobiografiese tekste oor haar reis te lees: *'n Wonderlike geweld: Jeugherinneringe (2005)*, *Reisiger: Die Limietberge oor* (2009) en *Spertyd* (2017). Elkeen boei soos 'n roman.

*Sonder Seëls: "Jy maak ons opgewonde om die toekoms vasberade te storm..."*

Reeds op die eerste bladsy van *'n Wonderlike geweld* skryf sy oor reis – dié van haar ouers na Europa toe sy drie jaar oud was. Haar jeugherinneringe in die Paarl omvat 'n deel van die Afrikanergeskiedenis in Suid-Afrika. Sy luister graag na haar oupa se Boereoorlogstories en raak meegevoer deur stuwende Afrikanernasionalisme. Sy dra haar Voortrekkeruniform met trots, beleef haar Christelike geloof en die simboliese Ossewatrek intens en woon die inwyding van die Voortrekkermonument by. Die Tweede Wêreldoorlog breek uit en sy skryf in haar dagboek:

"Skryf geskiedenis. Sleg. Wie kan geskiedenis leer as ons self geskiedenis maak?" Na haar studies aan die Universiteit van Stellenbosch hou sy skool op Cradock. Sy sê die kêrel van haar universiteitsjare af "omdat my pad 'n ander pad gaan loop as jou pad, en ek wil dit alleen loop." Sy werk by *Die Huisgenoot*. Die oorlog is verby en mense wil begin beweeg. Sy bespreek plek op die *City of Londen* en staan op 1 Maart 1948 op die dek van die skip wat uit Tafelbaai vaar. "Sy staar na die swart onrustige water wat deur die kiel deurboor word, sy hoor die geluidlose dinge wat in die diep donker water roer."

"In die herfs het ek uitgevaar, nie die winter binne nie, maar 'n onbekende somer," lees die eerste paragraaf van *Reisiger: Die Limietberge oor*. Sy vaar langs die Ooskus van Afrika op, deur Kenia en op die Nylrivier saam met mense van talle tale, gelowe en rasse. Sy ontdek die vreemdheid van die kontinent waarop sy woon en beleef 'n verwarrende romanse met 'n Indiërman. In gereelde korrespondensie met haar vriend Klaas Steytler in Kanada, skryf sy: "Ek begin emosie heeltemal wantrou. Behalwe liefde vir mense. Liefde vir 'n saak of idee is dryfsand. Veral lojaliteit wantrou ek. My lewe is in die war gestuur; slegs my briewe aan jou en jou antwoorde uit Kanada gee sin aan my dae."




Na maande stap sy in Europa aan wal. Die reis deur Afrika het haar persepsie van die wêreld verander, sê sy. "Ek skud swaar en met pyn die houvas van Afrika van my af, en probeer vorentoe kyk." In die winter in Parys koop sy eerder papier as kos. Sy skryf, geïnspireer deur Jan Rabie, wat eweneens in 'n dakkamertjie in Parys sit en pligsgetrou sy duisend woorde per dag neerpen. Klaas sluit by haar aan uit Montreal, hulle ryloop saam deur Europa, Noord-Ierland en Skotland, raak verloof en vaar terug huis toe. Hul huwelik begin in Johannesburg waar Klaas by die *Vaderland* werk. Vyftien jaar later, en met drie kinders, verhuis hulle Kaap toe en woon jare lank in hul huis in Belvederestraat, Oranjezicht. Albei is skrywers in eie reg. Klaas, sê sy, is 'n beter skrywer as sy.

10 *Sonder Seëls: "Ons word weggevoer na 'n wye wêreld vol besondere mense..."*

Haar reise voer haar verder, deur Europa, Oos-Europa, Asië en Suid-Amerika. Die skrywersinstink rig haar op die pad na mense se harte. Sy is intens bewus van politieke gebeure en as gerekende skrywer woon sy die stigtersvergadering by van die Afrikaanse Skrywersgilde. Saam met ander Sestigers besin sy oor die politieke bestel, die skrywer se morele plig om betrokke te skryf en sy wonder of 'n mens kan lewe sonder respek en liefde vir jou volk.

Dis asof alle vorige skryfwerk haar voorberei het vir die verhaal van Eunice Mtsatha wat by haar gewerk het, skryf sy later. *Die Swerfjare van Poppie Nongena* verskyn in 1978, word vertaal en haal die lys van die honderd beste boeke van die twintigste eeu deur skrywers uit alle Afrika-lande. Party Afrikaners beskou haar as 'n oorloper en verraaier en politieke groepe probeer haar betrek. Sy moet haarself van verskeie kante af verweer. "Ek het nie 'n politieke pamflet geskryf nie, ek het 'n boek probeer skryf om mense se harte aan te raak," antwoord sy 'n woedende swart man in Fort Hare. Van uitputting beleef sy 'n tyd van diepe depressie.

'n Kanadese sosioloog waarsku haar dat Suid-Afrikaanse skrywers in die politieke ideologie vasgevang is. "Apartheid obsesses your scholarship," sê hy. "Pure conceptualisation is rare."

Watter plek sal Afrikaans hê, wonder sy met die 1994-referendum? Die nuwe president Nelson Mandela nooi haar in 1997 vir ete, want in die gevangenis het hy haar boek *Die staf van Monomotapa* gelees.

Oor betrokke skryfwerk besluit sy oplaas: "Na al die jare voel ek … dat dit wat jy skrywe net in een opsig relevant moet wees, en dit is relevant tot jouself en, deur jou, tot die sake wat jóú kwel en wat jý persoonlik wil ondersoek."

Klaas word ernstig siek. Hy is besig met 'n manuskrip en vra haar om dit te voltooi. Haar beskrywing van die siekte, die afskeid van Klaas in 1998 en die verlies na sy dood is diep ontroerend. "Ons was saam op die reis," skryf sy. "Dis vir my swaar om my pad alleen verder te kry." Deur haar toewyding verskyn sy boek in 2000 as *Ons Oorlog*.

Die Universiteit van Stellenbosch vereer haar in 2001 met 'n eredoktorsgraad, en in 2007 doen die Universiteit van Pretoria dieselfde. In haar bedankingstoespraak by laasgenoemde geleentheid verwoord sy haar siening oor die skrywer se posisie: Die belangrikste is die skryfproses self. "Want die skrywer skryf eintlik vir homself, om oor vrae wat hom pla, waaroor hy sterk omgee, te probeer helderheid kry. Soos Klaas se byna laaste woorde: 'n boek – die gedurige soeke na die self."

In *Spertyd* beskryf sy haar laaste skof. Die gevierde skrywer se wêreld het klein geword. Sy is een van die oudste inwoners van Berghof, Kaapstad. "Al pad wat met minimum angs aangepak kan word," skryf sy, " is die pad na die verlede. Ek het al twee keer dié pad gevat, maar daar lê nog baie." Haar reis loop nou na agter, na binne en na Bo. Sy skryf anders as voorheen



oor die Paarl, haar geboortedorp wat "soos 'n fungus aan die hele doek van my geheue klou," oor haar ouers, haar kinderjare, opmerkings van ander skrywers. Sy is sober, sonder bitterheid of sentimentaliteit oor voorvalle soos haar uitstappie in die park, waar sy oor die kop geslaan en omgestamp is, beroof van die goue kettinkie om haar nek. Daar is ander uitstappies en geselsies met vriendinne uit haar studentejare. Verder groei die leemte wanneer bekendes sterf. Joubert se herinneringe word kamees en dring hulle skielik aan haar op. "Die skeidslyn tussen die hede en die verlede word al hoe dunner." Sy wonder of sy reg onthou, en wat kindsheid beteken. "Ek moet sin uit my lewe maak," besef sy. Sy neem bestek op oor haar eie geskiedenis en dié van haar land. Hoe het apartheid dan gebeur, wonder sy. Wat is groepsidentiteit? "Dalk moet ons aanvaar dat nasies of volke uit die mode is. En dat alle tale onder bedreiging is van 'n wêreldtaal. En ons daarby berus." En tog, skryf sy: "Ek is 'n Afrikaanse taalpatriot. Sy woorde, woorde, woorde staan soos 'n geil veld spaansriet om my en soos ek nader stap, neem hulle my dieper en dieper op my tog. Geen ander taal se woorde sal ooit so staan nie. My standpunt het nou helder geword: Los die groepsdenke of groepsidentiteit. Bewerk die klein erfie wat jou toebedeel is en alles sal daarmee saamkom."

By die pyn van verlies en paniek oor insidente wat voorheen vir haar gering was, beleef sy die liefde en sorg van haar kinders. "Die kinders staan soos seders om jou," het Klaas opgemerk.

Haar balansprobleme noodsaak 'n "vierwielkontrepsie" wat sy StomJapie noem. Met volmaan skuifel sy met hom na die vyfde vloer toe om die uitsig op Leeukop te sien, deel te voel van die stroom liggies van bergklimmers teen die helling uit.

Sy raak verslaaf aan haar boeke wat haar wegstuur op "kopreise, argumenteer-reise. Maar dis goed so – ek voel weer ek lewe, ek bereik elke eindpunt van die Aarde, ek raak weg, ek word yslik groot soos 'n dinosourus, ek word klein soos 'n atoom."

By haar negentigste verjaardagviering word 'n familiefoto geneem. "Al hierdie pragtige mense uit my en Klaas se verbintenis... Het al hierdie mense soos in 'n rots, 'n groot halfverborge rots gevange gelê? … Dit voel vir my die groot web van onbegryplikhede begin vibreer. Is dit onsterflikheid, die blik uit Timo se oë, waarmee Klaas my aankyk? "

Stilte en geloof anker haar. "Ek kan myself net vind as ek stil is. Ek glo daar is 'n Skeppende Krag. Ek glo dat die Krag partydig is teenoor ons en dat elke persoon die vermoë het om kontak te maak deur die stukkie stilte binne-in ons."

By die dood van haar skoonsuster skryf sy: "Die dood is nie vir ons vreemd nie, solank dit die dood van 'n ander een is, of van 'n ander een se familielid. Self gaan ons nie dood nie, ons is op die rand, maar tog, onsterflik."

Die spertyd maak haar broser, maar sekerder. "Elke sekonde van my lewe is die Krag by my. En as ek sterf, sal ek net dieper daarin glip." Hierdie is 'n boek oor die menslike bestaan, sê sy. "Waartoe word alles gebring?" Bestaan word gereduseer tot 'n smeersel, 'n stofdeeltjie in die pad, 'n grassie wat 'n oomblik lank beweeg het. Maar dit was bestaan. En dit, besluit sy, is genoeg.

Ná 97 jaar was Elsabé Antoinette Murray Joubert se tyd verstreke. Op 14 Junie 2020 het sy uit die inperking van Covid-19 deurgebreek. Die verste einder oor.

10

Sonder Seëls: "Tegnies en feitelik knap versorg, met uitmuntende grafiese inkleding..."

# Tersia se Italiaanse hoender

Tersia Eloff, 'n ondernemende kok, het hierdie resep ontwikkel nadat sy iets soortgelyk by 'n geleentheid geëet het. Tersia maak die gereg graag vir familie-kuiers, veral omdat dit vooraf gemaak kan word. Omdat daar heelwat groente in die gereg is, bedien Tersia dit graag saam met Ciabatta broodjies.

## Bestanddele

- 45 ml olyfolie
- 6 – 8 hoenderporsies
- 4 knoffelhuisies, gekneus
- Sout en varsgemaalde peper
- 8 repies spek
- 30 ml tamatiepasta
- ½ tl bruinsuiker
- 1 blik heel kersietamaties, of heel tamaties gekap
- 125 ml hoenderaftreksel
- 125 ml droë wit- of rooiwyn
- 60 ml vars basilie, gekap
- 200 g vars knopiesampioene
- 200 g murgpampoentjies of eiervrug
- 1 geel soetrissie, in groot blokkies gesny
- 1 rooi soetrissie, in groot blokkies gesny
- 125 ml ontpitte swart olywe
- 2 rooi uie, in groterige wiggies gesny
- Ekstra vars basilie vir garnering

10

*Sonder Seëls: "Sonder bloudrukke, klokkies, linte, sonder skroom en sonder seëls..."*

# Metode

- Verhit die oond tot 200 °C.
- Smeer 'n groterige oondbak.
- Verhit die olie in 'n pan en braai die hoender bruin.
- Geur met sout en peper, voeg die knoffel by en braai liggies.
- Draai die spek om elke hoenderporsie en pak die hoenderstukke in die oondbak.
- Meng die wyn, geblikte tamaties, tamatiepasta, suiker, hoenderaftreksel en vars basilie en giet dit oor die hoenderstukke.
- Voeg die groente en olywe by.
- Bak in die oond vir ongeveer 1 uur, totdat die hoender sag is.
- Indien verkies, kan die groente en vleis uitgeskep word en die sous in 'n kastrol afgekook word tot dit verdik.
- Garneer met vars basilieblare en sit warm voor.

Die braaivleisvure roep!

BOMA Vleismark Meat Market

No.1 Vleismark in Suid-Afrika

Cleaver-Toekenning Platinum Nasionaal

Nuut!

binnekort hier vir wegneem!

- Hamburgers
- Koffie
- Varsgebak
- Vleispasteitjies

Garsfontein/Rubensteinweg, Moreletapark, Pretoria 012 998 8711 • www.bomameat.co.za

# 10de Gelukwensings!

Mens kan nie glo hoe tyd vlieg nie, dit voel soos gister wat ek julle eerste weergawe ontvang het van 'n vriendin en sy opgewonde die agtergrond geskets het van hoe die tydskrif ontstaan het. Dit is so lekker om julle geluk te wens met julle wonderlike tydskrif se TIENDE verjaarsdag. Ek kry altyd net inspirasie en positiewe kos vir die siel uit julle artikels. Seënwense en hoop julle gaan nog baie jare se leesgenot met ons deel.

***Erika van den Heever***

Tien jaar! Wat 'n prestasie en mylpaal. Baie geluk met *Sonder Seëls* wat so ongemerk deel geword het van baie rekenaarskerms. Julle het 'n aanlyntydskrif bedink en laat realiseer lank voor ander dit gedoen het en 'n eie plek ingeneem. Dit eenvoudig net gedoen. Sonder bloudrukke, sonder linte en klokkies, sonder skroom en *Sonder Seëls*. Dit is ondernemingsgees. Mag *Sonder Seëls* en die redakteur nog lank lesers verbly en verryk.

***Theresa Papenfus***

Dit was my voorreg om die idee van *Sonder Seëls* mee te maak vandat die eerste gedagte ontstaan het en die konsep van allerhande hoeke bekyk en bepraat is. Nou, tien jaar later, staan ek in verwondering oor die mylpaal wat bereik is. As redaksielid was dit 'n wonderlike geleentheid en belewenis om die volwassewording te kon aanskou. Ek dink met deernis en groot respek aan die nalatenskap van Johannes du Preez wat met soveel entoesiasme en kreatiwiteit betrokke was. Baie geluk, en voorspoed toegewens.

***Wilna Matthee***

Sportmalles lees altyd 'n koerant van agter af - sportbladsy eerste. Maar ek lees *Sonder Seëls* ook van agter af - "sports" eerste. Fiela en Rampie bly my gunstelingkarakters. Maar maak geen fout nie, die ander artikels maak dit die moeite werd om te lees. Dit wys ook net dat kwaliteit nie noodwendig geld kos nie. Dankie *Sonder Seëls* - vir nog tien jaar vorentoe - doe so voort.

***Kobus Trichardt***

**'n Mylpaalverjaardag**

*Sonder Seëls*, jy's jou tyd ver vooruit!
'n Dekade gelede het julle al besluit:
weg met papier, slakkepos en seëls,
die nuwe eeu verg totaal nuwe reëls.

Almal op jou adreslys baat daarby,
in Covidtyd maak jy ons steeds bly.
Die virus kon ons leesstof nie keer
al moes ons tee met vriende ontbeer.

Geluk met tien jaar se slim innovasie,
veranderde nuus gee jou nie bewerasie.
Mag jy gaan van krag tot krag -
en mag nuwe hoogtes op jou wag.

***Elkarien Fourie***

Aan almal wat betrokke is by *Sonder Seëls*: Baie geluk met julle wonderlike tydskrif se tiende verjaarsdag! Dit is die mooiste, vriendelikste, inspirerendste en leersaamste tydskrif in Afrikaans. Dit is elke keer 'n groot voorreg en vreugde om dit te ontvang en te lees. Baie dankie dat julle julle kreatiwiteit en harde werk so ruimhartig met julle lesers deel. Mag ons nog lank deel in hierdie liefdevolle en pragtige huldeblyk aan Johannes.

***Helen Lindhout***

Liewe *Sonder Seëls,* Jy is nou 'n tiener!
Geboorte, babatreetjies, kleuterwoorde is vinnig verby en die wonderlike ontdekkingsreise na magiese plekke, lewenswyshede, taalgenot en toorresepte wink vorentoe. Jy maak ons so opgewonde om dieper te delf, wyer te beleef en die toekoms vasberade te storm! Veels geluk, jy sprankel in jou vleiende tienerskepping - dra die kroon statig, jy is dit werd!

***Erina du Plooy Bain***

Sodra ek *Sonder Seëls* se smaakvolle groet *Liewe Leser* lees, sit ek vasgenael voor *Sonder Seëls,* nou reeds 10 jaar verby! Hier word ons weggevoer na 'n wye wêreld van besondere mense se wedervaringe en stories; gevoed met wyse raad vir gesondheid, finansies, woordkeuse, kreatiwiteit, 'n 'laaste happie' en nog vele meer. Hartlik geluk aan die *Sonder Seëls*-span, en beste wense vir die volgende jare!

***Naomi Louw.***

Ek vind *Sonder Seëls* se inhoud baie insiggewend en interessant. Dié is 'n skitterende publikasie wat tegnies en feitelik knap versorg is met uitmuntende grafiese inkleding. 'n Mens kan sien hier gaan baie tyd en energie in. Veels geluk met julle tiende verjaarsdag, en seënwense vir nog vele uitgawes!

***Tienie Odendaal***

# Jou klein pes!

Hier by ons op anderplot is daar honde wat ek, wat Fiela is, tot eergister net as lasposte beskou het. Julle het al van hulle gehoor. Daar is die klein platterige ronde hondjie met die naam Julius, maar die mense noem hom meesal Jou-klein-pes. Hy is vreeslik blafferig en sy bene is baie kort, maar dis omdat sy lyf so naby aan die grond is. Dan is daar twee sulke groot swart honde wat amper 'n gewigsvoordeel op 'n donkie het. Hulle is Gawie en Sussie. Hulle het sulke nors gesigte en hulle is meesal nukkerig. Met hulle soek ons nie moeilikheid nie, maar so nou en dan bestorm en jaag hulle ons vir die pret – hulle pret.

So twee nagte gelede het ons nog so lekker geslaap toe ons 'n geraas hoor. Rampie spring toe op want hy is baie waaksaam en ywerig om moeilikheid te vermy. Terwyl ons nog so wonder wat aangaan kom daar mense aangehardloop en hulle storm op ons af. Hulle probeer ons gryp. Ons dogtertjie, Bokkiedonkie, is toe die vinnigste en sy hardloop dat die stof so staan – in die nag! Terwyl een Rampie probeer vasvat, skop hy die mens. Maar dit was mis.

Met die gestoei merk Jou-klein-pes onraad en hy gaan aan die blaf. Dis toe dat Gawie en Sussie daar aangestorm kom en die mense ons los en weghardloop dat die voete so klap. Rampie en ek het die saak later bespreek en ons meen dat Gawie en Sussie so hier en daar 'n stewige hap steak ingekry het.

Teen daardie tyd het ons mens-baas hier opgedaag met 'n groot geweer, en toe hy vir die skelms sê hulle moet staan toe staan hulle al dreig Gawie- en Sussie-hulle. Hulle het groot verskonings en vertel dat hulle heeltemal verdwaal het en gedink het hulle is in 'n plot en toe die draad gesny het om weer in die pad uit te kom. Dis toe dat hulle betrap is. Maar ons mens-baas kyk hulle net so en sê niks. Toe kom mense van ander plotte ook daar aan en hulle maak die skelms vas en het hulle daar weg.

Dis toe dat ons eers regtig skrik en dink dat hulle van daardie mense was wat ons donkies vang en slag en dan die velle na China toe stuur. Rampie sê toe dit is nie vir hom 'n lekker ding om aan te dink nie. Waaroor Rampie en ek nogal saamstem, is dat Jou-klein-pes vir die eerste keer gewys het dat hy soms waardevol kan wees, en dat ons groot respek vir Gawie en Sussie gekry het. Nou kla Rampie dat hy aan slaaploosheid ly, en as hy uiteindelik slaap, raak hy aan die skop tot hy wakker is. Vreeslik nukkerig in die dag.

Groete tot later,
*Fiela*

*Die menings uitgespreek in Sonder Seëls is nie noodwendig dié van die redakteur of Essence Kommunikasie nie. Artikels en rubrieke word uitsluitlik vir inligtingsdoeleindes gepubliseer en daar kan nie daarop gesteun word as deskundige raad nie. Die produkte en dienste wat geadverteer word, bevat die inligting wat die adverteerder verskaf. Sonder Seëls aanvaar nie aanspreeklikheid vir die akkuraatheid en/of gehalte van produkte en dienste nie.*